Wessels & Smith
PROKUREURS/ATTORNEYS
Reg No / Nr: 2007/030670/21 | B.T.W. / VAT Nr: 4510244793
TEL: (+27)54 338 8100 | POSBUS 2982 UPINGTON 8800 | WEIDEMANSTRAAT 3 UPINGTON 8801
DOCEX 11 UPINGTON | P.O. BOX 2982 UPINGTON 8800 | 3 WEIDEMAN STREET UPINGTON 8801

Datum / Date:
21 Augustus 2024

Ons Verw/Our Ref:
A J v/d Heever / AB / AN0223

U Verw / Your Ref:
ME MONICA MATTHYSEN
"GROENDORP BESTUUR"

AAN:

DRINGEND

e-pos: monicamatthysen4@gmail.com

ALLE PERSONE EN INSTANSIES WAT TITEL HOU EN/OF OKKUPEER DEUR EUREKA BEPERK (IN LIKWIDASIE)
Meester van die Hooggeregshof verwysingsnommer C287/2023
Te Gedeelte 10 ('n Gedeelte van Gedeelte 8) van die Plaas Klipkuil nr. 547
Geleë in die Munisipale Gebied van die Kamiesberg Munisipaliteit, Afdeling Namakwaland, Noord-Kaap Provinsie, welke eiendom ook bekend is as "GROENDORP" (die Eiendom)

Geagte Meneer/Dame

INSAKE : **DIE SAAK VAN: KAMIESBERG MUNISIPALITEIT versus EUREKA BEPERK en ALLE PERSONE WAT TITEL HOU EN/OF OKKUPEER DEUR EUREKA BEPERK (IN LIKWIDASIE)**
NOORD-KAAPSE HOË HOF – SAAKNR: 2022/2020

1. Voormelde aangeleentheid verwys sowel as vorige korrespondensie ten opsigte van hierdie aangeleentheid en meer spesifiek ons skrywe aan die okkupeerders gedateer 2 Julie 2024 en die daaropvolgende skrywe gerig deur die "Groendorp Bestuur en

DIREKTEURE/DIRECTORS:
A.J. VAN DEN HEEVER B.A. LL.B
L. MARKRAM B. COM LL.B. LID VAN AIPSA
N.A. MCGREGOR LL.B
C. MAKAAI LL.B

PROFESSIONELE ASSISTENTE/PROFESSIONAL ASSISTANTS:
SEL: 082 808 5050
SEL: 082 802 8399
SEL: 082 837 2812
SEL: 065 858 4622

PLEASE TAKE NOTE: OUR OFFICE WILL NEVER CHANGE OR AMEND OUR TRUST BANKING DETAILS VIA EMAIL OR OTHER ELECTRONIC FORUM.
NEEM ASSEBLIEF KENNIS: ONS KANTOOR SAL NOOIT ONS TRUSTBANKBESONDERHEDE DEUR MIDDEL VAN E-POS OF ENIGE ANDER VORM VAN ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE WYSIG NIE

Inwoners" aan ons kantore en gedateer 14 Augustus 2024.

2. Dit is nie ons bedoeling om volledig te handel met die inhoud van u voormelde skrywe gedateer 14 Augustus 2024 nie en moet die feit dat ons dit nie doen nie, nie gesien word as 'n erkenning van enige van die bewerings soos daarin vervat nie. Al ons kliënt se regte ten opsigte daarvan word uitdruklik voorbehou.

3. Wat u versoek om verdere uitstel ten opsigte van die afbreek en sloping van die onwettige geboue en strukture soos deur u opgerig te "Groendorp" aanbetref en op grond van die redes soos deur u voorgehou in u skrywe onder beantwoording van 14 Augustus 2024 is dit ons instruksie van ons kliënt dat geen verdere uitstel verleen word nie.

4. Soos u reeds ingelig is in ons skrywe van 2 Julie 2024 word aan u die geleentheid gebied om die onwettige geboue en strukture soos deur u opgerig op die eiendom af te breek en dit van die eiendom te verwyder tot en met **Saterdag 31 Augustus 2024**, by gebreke waarvan die Kamiesberg Munisipaliteit die nodige stappe en optrede sal neem ten einde alle onwettige strukture op die eiendom af te breek en te verwyder.

5. Sonder om in detail met die inhoud van u skrywe van 14 Augustus 2024 te handel wys ons u daarop dat u (die tweede Respondente in die saak), as synde die persone en instansies wat titel hou en/of okkupeer deur Eureka Beperk (In likwidasie) nie oor die nodige *locus standi* (regsbevoegdheid) beskik ten einde enige van die stappe soos wat u aandui u nou beoog ten einde u posisie te probeer remedieer en wettig beskik nie en in terme van die bepalings van Artikel 45 van Die Wet Op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 16 van 2013.

   Soos u ook reeds wel deeglik bewus is, is die geregistreerde grondeienaar van die grond wat u okkupeer, Eureka Beperk ondertussen finaal gelikwideer en soos in terme van 'n Hofbevel van die Wes-Kaapse Hoë Hof gedateer 1 November 2023.

5. Ons vertrou dat die inhoud van hierdie skrywe vir u duidelik is en bevestig ons kliënt se instruksie dat daar onverwyld met die sloping van die onwettige geboue en strukture soos opgerig op die voormelde eiendom voortgegaan sal word tensy u self en uit eie beweging gemelde strukture afbreek en dit ten volle van die eiendom verwyder teen 31 Augustus 2024.

21/8/24

Die uwe

WESSELS & SMITH ING
per : AJ van den Heever
E-POS / E-MAIL : weslitigasie@mweb.co.za

21/08/2024